
CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 6 — VRYDAG 26 MAART 1976

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
Johan Claassen
Broers

# Pukke gereed vir RAU



Die twee dirigente van die Puk, Dawie Weyers en Henri Raubenheimer, is slaggereed om van die pawiljoen se kant dinge reg te hou. (Foto: Fotokuns.)

**DIE Puk se masjinerie is glad geolie vir die eerste Intervarsity met R.A.U. môre op Potchefstroom. Nie alleen die sportspanne het hard geoefen nie maar ook die mense wat op die pawiljoen sit, sal hulle bydrae maak om 'n klinkende oorwinning vir die Pukke te verseker.**

Daar heers 'n mate van afwagting oor die Intervarsity, juis omdat dit die eerste een is. Die opgewondenheid is oral te bespeur en daar word druk bespiegel oor die kanse. Al is R.A.U. 'n jong universiteit beskik hulle ook oor goeie talent maar sal moet uithaal teen die Puk-leeu.

Die dag se verrigtinge neem 'n aanvang die oggend om 08h30 met Tennis en sluit die aand af met 'n amptelike onthaal in die ? ? ?

Oor die algemeen is daar groot tevredenheid oor die feit dat daar met R.A.U. 'n Intervarsity gehou word omdat hulle geografies baie nader aan ons is as U.O.V.S. Terselfdertyd is R.A.U. 'n vinnig-opkomende universiteit wat binne 'n paar jaar net soveel studente as die Puk mag hê.

Die hoofwedstryd begin net na 16h00 op Olënpark en sal voorafgegaan word met die o.20-span en die 2de span. Die sjampanjenooietjies sal die vonkelwyn aan die dirigente en die S.R. Voorsitters bedien en dan begin die groot stryd.

James Stoffberg sal sy manne op die veld lei vir 'n harde wedstryd van 80 minute. Die manne is fiks en lus vir die dinge. (Vgl. die spanne op die Sportblad).

Van die studente se kant af wil ons alle spelers sterkte toewens. (Vir die volledige program, raadpleeg die Sportblad).

## TENNIS

DIE tennisspanne wat môre teen RAU sal speel is as volg:
MANS:
F. Campher, P. Campher, C. Botha, D. Botha, E. Hattingh, H. Jacobs.
DAMES:
R. van Rensburg, G. Fourie, S. Oosthuisen, M. Rencken, E. Viljoen, Smit/Schoonraad.



Een van R.A.U. se dirigente het ook 'n „welwillendheidsbesoek" aan die Puk gebring! Hier tree hy op in 'n vertoning voor die Pukmassa in die Totius-saal. (Foto: Fotokuns.)

## Eerstejaars kampeer

**EERSTEJAARSTUDENTE van die N.G. Studentegemeente het dié naweek by die Rooderand-kampterrein naby Venterspos gaan uitkamp. Die doel van die uitstappie was om eerstejaars in die Christelike studentelewe te oriënteer.**

Die naweek se nat weer kon nie verhinder dat die sowat honderd studente die hele kampterrein op horings neem nie, en volgens ds. J. Kellerman, wat die „kampvader" was, was dit 'n reuse-sukses.


Onder andere is lesings oor My Roeping, die student in die binnekamer, die student se kerklike en liefdeslewe en sy kampuslewe gelewer.

Sprekers wat opgetree het is die twee studenteleraars van die N.G.-gemeente, asook mnr. Samuel Kemp van die onderwyskollege. Doepie van Rensburg, primarius van Liberalia, het ook oor die kampuslewe gesels.

Hutte en 'n paar tente het as huisvesting gedien, met veral die hutte welkom in die reën, en die tente nie so gewild nie.

**ONTHOU!**
**Môre is Intervarsity met R.A.U. Moenie iets misloop nie!**
**DIE VOLLEDIGE sportprogram IS OP DIE Sportblad VAN Die Wapad**

**Ondersteun ons adverteerders!**



Dis oor hierdie akkerbome in Tomstraat waaroor daar amper oorlog is. Almal moet toegee dat dit iets besonders is! (Foto: Fotiek.)

## OORLOG DREIG OOR BOME

**STUDENTE van die P.U. vir C.H.O. voel ontevrede oor die feit dat die akkerbome van Tomstraat moontlik verwyder gaan word om plek te maak vir 'n pad.**

Daar is sprake van Stadsraadskant om Hoffmanstraat te sluit vanaf Oosterhof se hoek tot by Cachetpark. Hierdie reëlings skyn nodig te wees omdat die P.O.K. sy terrein wil konsolideer. Tomstraat sal dan moet verbreed om al die ekstra verkeer te dra en in die proses sal van die akkerbome uitgekap word.

Die S.S.R. van die Puk, het toe met die doel om die saak te bespreek, 'n massavergadering belê op Donderdag 18 Maart. Dr. Koos van Deventer, Stadsraadslid van die wyk waarin die P.U. val, het ook die vergadering bygewoon en die studente toegespreek.

Onder die sprekers wat aan die debat deelgeneem het, het die gevoel geheers dat die bome onder geen omstandighede verwyder moet word nie. 'n Voorstel is ook met dien effekte ingedien: daarin is dr. Van Deventer versoek om die studente se saak aan die Stadsraad te stel.

Dit is nie die eerste keer dat die akkerbome in die gedrang is nie, vorige pogings in die verband is gelukkig gefnuik toe daar ook grootskaalse besware daarteen ingebring is deur die publiek van Potchefstroom en ook studente van die P.U.

Die besware van die studente gaan hoofsaaklik oor die vernietinging van die mooi bome wat so 'n integrale deel van die Bult is. Die akkerlaning is een van die langstes in S.A. (indien nie die langste nie) en die bome neem baie jare om daardie grootte te bereik. Die algemene gevoel is dat die bome onvervangbaar is.

Ons vertrou dat die Stadsvaders die saak reg sal hanteer anders kan die dreigement wat vroeër gemaak is dat studente hulle gaan vasketting aan die bome, dalk werklikheid word en dit mag nog meer simpatie vir die saak wek.

# KLEURE VERKLAP GEHEIME

**WAT is jou geliefkoosde kleur? Blou, groen of dalk rooi? En dié van jou vriendinne? Vind gerus uit.**

Verskeie psigoloë het al ondersoek ingestel na die verband tussen persoonlikheid en kleur. Hulle het gevind dat 'n persoon se gunsteling kleurkeuse heelwat van sy persoonlikheid kan vertel. Hier volg 'n lysie van kleure en die persoonlikheidseienskappe wat gewoonlik daarmee verbind word.

Wit: Jy is 'n eerlike en 'n deeglike persoon. Jy hou daarvan om saam met ander te werk. Verder is jy selfversekerd, maar nooit egoïsties nie.

Swart: Iemand wat lief is vir swart is gewoonlik seker van haarself, het baie aspirasies en is altyd op soek na perfeksie. Jy hou ook baie daarvan om interressante mense te ontmoet.

Rooi: Mense hou baie van jou lewendige geaardheid. Jy hou daarvan om die middelpunt van 'n geselskap te wees. Jy kan hard werk, is 'n optimis en is lief vir avontuur.

Pienk: Jy is 'n gematigde persoon en hou nie van uiterstes nie. Jy verkies om saam met ander eerder as alleen te werk. Jy is lojaal en baie liefdevol.

Groen: As jy 'n voorliefde het vir groen, beteken dit dat jy energiek is en ook 'n baie stimulerende geselskapsmaat. Jy hou van interessante en ongewone mense en dinge. Jy is gewild vanweë jou humorsin.

Geel: Jy vind mense besonder interessant en is lief vir geselskap. Verder hou jy daarvan om ander behulpsaam te wees. Oppas egter — iemand wat geel as gunstelingkleur het, is besonder krities.

Oranje: Hier vind ons iemand met 'n warm en vriendelike persoonlikheid en 'n besondere sin vir regverdigheid. Jy het nie veel erg aan aardse besittings nie. Jou vriende kies jy met die grootste omsigtigheid.

Bruin: Jy is 'n geduldige en metodiese denker en werker, altyd gereed om te help en baie gesteld op goeie gedrag. Jy is lojaal teenoor jou familie en hou glad nie daarvan om enige risikos te neem nie.

Pers: Hierdie persoon het 'n voorliefde vir die luukse: in lewenswyse, in besittings en in die klere wat sy dra. Jy hou van onthaal en jou tuiste sal altyd besonder mooi en met kosbare besittings ingerig wees.

Blou: Jy is 'n introvert en bespreek nie maklik jou diepste gevoelens met iemand anders nie. Vir die vriende wat jy wel het is jy 'n ware kameraad. Jy is baie gesteld op eerlikheid.

Grys: Jy is 'n perfeksionis, 'n uitstekende organiseerder en altyd suksesvol. Jy benader alles op 'n professionele wyse en is 'n voorstaander van vooruitgang.

# Maurice Chevalier se towerwerk

**DIT was Maurice Chevalier, daardie groot Franse sanger en akteur, wat gesê het dat 'n mooi houding die eerste iets is wat hom opval in 'n vrou.**

Maak gerus 'n opname onder jou vriende en jy sal verbaas wees hoeveel van hulle saamstem. Of kyk maar net self om jou rond. Daardie meisie wat almal onmiddellik raaksien, is mos die een wat altyd so mooi loop en staan. En daardie een wat maar net nooit netjies kan lyk nie? Miskien is dit omdat sy altyd met krom skouertjies loop en neerplons in die naaste stoel.

As jy ook een van die skuldiges is, is hier twee maklike maniere om jou probleem op te los. Staan so regop as wat jy kan en verbeel jou daar is 'n heining net onderkant jou neus. Jy wil daaroor kyk, maar jy mag nie op jou tone staan nie. Hou aan daarmee en die resultate sal sommer gou kom.

Die volgende oefening kan jy 'n paar keer per dag doen. Sit plat op die grond, buig jou knieë en trek jou bene tot teenaan jou lyf. Probeer nou opstaan sonder om jou hande te gebruik. Jy sal dit moontlik nie die eerste keer regkry nie, maar na 'n paar probeerslae behoort dit sommer makliker te gaan. Hierdie oefening sal julle help om selfs op die laagste stoeltjie netjies te gaan sit en weer op te staan.

Sterkte — een van die dae is daardie mooi houding deel van jou hele dink en doen!

BESOEK
CACHET APTEEK
U PLUS APTEEK
Vir al u benodigdhede soos:
TOILETWARE
GESKENKE
REVLON EN RIMMEL SKOONHEIDSMIDDELS
TABAC VIR MANS
CACHET APTEEK
FOON 4201 — TOMSTRAAT 92
POTCHEFSTROOM
Ons is groot genoeg om u te dien
klein genoeg om u te ken.
—Wapad

# KARLIEN DOEN DIT WEER



Sjampanjenooi Marianne Nel vir Saterdag se Intervarsity.

EN toe maak Karlien weer so. Verlede jaar was Hannie Croucamp sjampanjenooi en hierdie jaar is dit weer 'n Karliener. Marianne Nel gaan Saterdag die sjampanje gooi met die intervarsity tussen die Pukke en R.A.U.

Hierdie mooi meisiekind is reeds 'n vierdejaar. Verlede jaar het sy die B.Sc.-graad behaal met Plantkunde en Dierkunde as hoofvakke. Hierdie jaar loop sy H.O.D. nagraads.

Jammer vir die manne, maar Marianne spog reeds met 'n blink diamant aan haar vinger. Die gelukkige man is Coenie Spamer. Dié twee sleep reeds vanaf hulle skooldae op Vanderbijlpark.

Baie geluk Marianne, die Pukke is trots op jou.

**Ondersteun**

**DIE SPORTMANNE OP DIE VELDE DEUR U TEENWOORDIGHEID**

# My eie hoekie

**JOU KAMER. Daardie enigste klein wêreldjie wat net joune is. Vir ten minste 'n jaar lank is dit jou slaapkamer, sitkamer, kombuis en eetkamer.**

Hier is 'n paar wenke om daardie kamer so gesellig as moontlik te maak. Kies 'n interessante kleurskema. Dink 'n bietjie aan groen en blou, pienk en oranje, swart en wit met rooi of groen as kontras. As jou kamer meestal uit koel kleure bestaan moet jy 'n warm kleur as kontras gebruik. By warm kleure word 'n koel kleur weer as kontras gebruik. Moenie bang wees om waaghalsig te wees met jou kleurskema nie en moet ook nie bang wees vir helder kleure nie.

Groot kussings op die vloer is groot mode en dit lyk ook baie mooi. So 'n sitding is ideaal vir jou kamer. Dit is baie maklik om te maak. Maak groot slope van ongebleikte linne en vul dit met stukkies fyn sponsrubber. Trek dit nou oor met 'n materiaal wat inskakel by, of 'n teenstelling vorm met jou kleurskema. Indien jy 'n bietjie hulp wil hê: in die meeste rokpatroonboeke is daar patrone vir kussings en sitsakke.

Die belangrikste is net om altyd te probeer oorspronklik wees by die mooimaak van jou kamer. Dan kan jy verseker wees dat dit 'n heerlike woonplek gaan word!

# Vere maak die voël

**EK het dit opgemerk nou die oggend toe ek wakker word. Dit was in die lug en sommer oral: die eerste bietjies van die herfs en winter.**

En op die modefront gaan hierdie komende seisoene van die lekkerste lekkeres wees. Ons gaan nog baie gesels oor wat aan die kom is in verband met skoenmodes, truie en jasse, lang aandrokke, langbroeke ens. ens. Maar vandag is dit sommer so 'n vinnige woer-war oor bykomstighede vir die herfs en winter.

Bykomstighede gaan baie belangrik wees hierdie winter en ook alreeds in die herfs. Dit gaan een uitrusting verander in twee, drie. Dit gaan die meeste uitrustings máák.

Serpe is groter en bonkiger as ooit tevore. Draai dit om jou kop en jou nek en laat dit agter jou rug afhang. Of knoop dit onder jou ken en laat die punte voor jou rondswaai. Om by hierdie serp van jou te pas, dra jy 'n paar gebreide warm handskoene. Handskoene gaan in die oggend, middag en aand gedra word. 'n Heerlike warm vooruitsig!

Handsakke is klein en die koeverthandsak baie gewild. 'n Oulike nuutjie is 'n piepklein handsakkie wat skuins oor die een skouer op die anderkantste heup hang.

Die hoed is groter mode as ooit en word glad nie beperk tot kerkdrag nie. Kappies agter aan rokke, baadjies en truie is ook groot mode en lyk pragtig.

Daar word nou al seisoene lank gesê dat die platformskoen uit die mode is — en hierdie seisoen glo ook. Die skoene se hakke is slanker en hoog. Of die platform heeltemaal gaan verdwyn van die Pukkampus af, is egter 'n ope vraag.

Ten slotte: dra stringe en stringe krale by al jou uitrustings en — gaan snuffel gerus nou al rond in die winkels: die nuwe voorrade is al oral uitgepak.

# Is ons erns?

**GEAGTE REDAKTEUR, — As oud-Tukkie is ek gewond daaraan dat historiese gebeurtenisse aandag verdien.**

So byvoorbeeld is die ou Lettere-gebou tot nasionale monument verklaar op dieselfde dag wat Afrikaans amptelik erken was as die voertaal van die universiteit. By geleentheid hiervan is alle klasse opgeskort en toetse direk daarna.

Nou kom dit vir my vreemd voor dat die 25e herdenking van die selfstandigheidswording van die Puk so absoluut ongesiens verbygegaan het. Wie verantwoordelik was vir enige reëlings in hierdie verband, weet ek nie. Wel weet ek dat sekere mense na dese wel deeglik verleë sal wees. As vreemdeling op die Puk-kampus sal ek dit waardeer indien u my kan sê wie sodanige aksies reël.

ROELF BUITENDAG.

# BAADJIES: MANS MOR

**GROOT ontevredenheid heers onder inwoners van manskoshuise. Dit is omdat die voorstel waarin gevra is dat baadjies nie meer met aandetes na die eetsaal gedra word nie, deur die Koshuisraad verwerp is.**

Die Wapad het verneem dat 'n versoek tot die Koshuisraad gerig is dat artikel 2.3 van die reglement hersien moet word. Dié artikel lui soos volg: „Op weeksdae mag kosgangers in die môre en middag met kortbroek en hemp sonder das — mits langkouse en skoene gedra word —kom eet. Met aandete is 'n baadjie altyd 'n vereiste".

Mansstudente voel dat hierdie reël uitgedien is. Dis ongemaklik om met 'n baadjie te sit en lastig om dit oor die stoel te hang en aan te trek as die aandgodsdiens gehou word. Baie studente doen nie eens die moeite om hulle baadjies aan te trek nie en ander hang dit ongeërg oor hul skouers. Sportmanne kla dat hulle moeg van oefening af kom en dat daar nie altyd tyd vir hulle is om te gaan stort, aan te trek en boonop betyds vir ete te wees nie.

'n Kommissie is deur die Koshuisraad aangestel om die saak te ondersoek en hulle het die volgende aanbeveel: Sportmanne moet op sportdae toegelaat word om met sweetpakke en skoene te gaan eet. Klasdrag kan tydens etes gedra word sonder 'n das en safaripakke is ook toelaatbaar.

Die Koshuisraad het egter die kommissie se rapport verwerp tot groot ontevredenheid van die manstudente. Die algemene gevoel is dat as mans om godsdiensredes baadjies moet dra, die dames net sowel met hoede kan kom eet. Dit is so dat kleredrag belangrik is as 'n uitdrukking van die innerlike houding teenoor godsdiens, maar is dit werklik nodig om dit met baadjies te toon?, wil die ontevredenes weet. Daar word gevoel dat die dra van baadjies tydens aandetes opsioneel behoort te wees. By enkele studente se ouerhuise is dit nog die gebruik om baadjies tydens die huisgodsdiens te dra, maar by die oorgrote meerderheid is dié tradisie al lankal uitgedien.

## Konferensie — Korps en S.C.A.

**FORMELE kleredrag en stywe prosedure is vandag nie meer 'n noodsaaklike reël vir mense wat aan 'n konferensie wil deelneem nie. So het die reëlingskomitee van die Interuniversitêre Christelike Konferensie wat tydens die komende vakansie plaasvind op hulle byeenkoms besluit.**

Inteendeel is daar besluit dat 'n informele manier van vergader groter sukses sal verkry tydens die beoogde seminare, sodat die nodige diepte in die besprekingsgroepe verkry kan word.

Die Konferensie wat die laaste gedeelte van die vakansie gehou word vind plaas by Cyara — 'n kampeerterrein naby Hekpoort.

Alle universiteite en kolleges het uitnodigings na die Konferensie ontvang en die „Socials" (die persoonlike gesprekke) wat 'n groot gedeelte van die konferensie uitmaak behoort leersaam te wees ook in die sin van kennisse wat mens opdoen.

Uit die totaal van 20 seminare wat aangebied word, kan 'n konferensieganger net twee van baie interessante onderwerpe bestudeer gedurende die week. Daar kan dieper op 'n saak ingegaan word as net twee onderwerpe bestudeer word. Die groepe konferensiegangers word in kleiner groepe verdeel wat dan met die bekwame leiding van 'n gespreksleier op die saak ingaan. Interessante onderwerpe tydens die konferensie is musiek en die kerk en nasionalisme, seks en sedelikheid, besoedelinge en die dood van die mens, familieverhoudinge ens.

Skietlyste vir die geleentheid open aanstaande Donderdag. Voorlopig kan belangstellendes met hulle Korpssel voorsitter of -sters in aanraking kom vir meer inligting of self met Pieter Odendaal (voorsitter van Korps) gesels. Hou ook 'n inligtingstuk wat binnekort gaan verskyn dop vir meer inligting.

## CHINEES TREE OP

TYDENS die Konferensie vir Christelike Studente, wat van 23 tot 29 April deur Korps en samewerking met SCA beplan word, tree Chau Wee Hian as hoofspreker op. Hy sal die tema „Jesus Christus, Koning van alle mense" behandel.

Wee Hian is uit 'n Christelike familie in Singapoer gebore. Na sy hoërskoolopleiding is hy na Engeland waar hy sy B.D.-graad aan die Universiteit van London verwerf het. Nadat hy 'n jaar as prediker van 'n Chinese Kerk in Londen opgetree het, vertrek hy weer na sy Vaderland waar hy werksaam raak by die Broerskap van Evangeliese Studente in Singapoer en Maleisië. In 1967 is hy verkies tot die sekretaris van die Internasionale Broerskap van Evangeliese Studente van Oos-Asië.

Met sy verkiesing tot sekretaris van die hele organisasie ontvang hy 'n verdere ses maande opleiding waarna hy sy take as sekretaris begin. Tans onderneem hy verskillende reise dwarsoor die wêreld en het 'n uitgebreide kennis van Christelike belydenis van verskillende studente dwarsoor die wêreld. Hy is nie net 'n goeie administrator nie, maar ook 'n stimulerende spreker. Hy stel ook intens belang in publikasies.

Sy optrede tydens die Konferensie sal val in die tyd wat hy Suid-Afrika besoek.

Studente wat belangstel in die Konferensie kan meer inligting by hulle Korpsselvoorsitter/-sitster kry of direk met Voorsitter van Korps, Pieter Odendaal, in aanraking tree.

## Vergaderings-prosedure

Seminaar deur die Potchefstroomse Toastmasters Klub. **Lesings, Literatuur en Praktiese Oefeninge.**

DATUM: 26 Maart tot 1 April.
TYD: 6 nm. tot 8 nm.
FOOI: R10 per persoon.
KONTAK: D. J. Swanepoel, Hoofgebou Kamer 13, Tel. 8283 (n âure).



Chau Wee Hian wat as hoofspreker tydens die Konferensie vir Christelike Studente vanaf 23 tot 29 April sal optree.


**WESVALIA BOEKHANDEL**
ONS HET NET
WAARNA U SOEK
KOM OORTUIG USELF
Posbus 20060
Tomstraat 84 POTCHEFSTROOM Tel. 6660
—WP


## Beveg Inflasie

**WOON ALLE**
**KLASSE BY**
**VERRAS**
**U PROFESSOR, WOON AL SY KLASSE BY**


# afrikaanse studentebond

***wie is dit?***

dit is elke afrikaanse student van alle geaffilieerde kampusse, nl.

**onderwyskolleges**

bloemfontein
goudstad
potchefstroom
pretoria
durban
hugenote kollege

**universiteite**

pu vir cho
uovs
up binnemuurs
up buitemuurs
rau
us (vereniging)
upe (vereniging)

***m.a.w.***

u as afrikaanse studente is deel van die asb

***wat word gedoen?***

kuesta
asb-kongres
buitelandse toer
koorfees
aktualiteitskonferensies
asb leierskursus
akademiese konferensie

***dus***

alles wat deur enige asb lid gedoen word gaan onder die naam van die asb

**enige verdere inligting kan by u plaaslike studenteraadskantoor, sr of bestuur of direk van die asb-hoofkantoor gekry word. skryf aan die sekretaris, posbus 8711, johannesburg of bel 724-6361 johannesburg**

mag 1976 vir u baie voorspoedig verloop

die WAPAD

(Geaffilieer by A.S.P.U.)

# WELKOM R.A.U.

**MEESTE Pukke sien uit na môre se Intervarsity teen die Randse Afrikaanse Universiteit, nie alleen omdat die RAU ons naasliggende geesgenote is nie, maar ook omdat hierdie kragmeting 'n opflikkering bring in die andersins saai tyd.**

**Afgesien van die sportbande, is die Intervarsity hier in Maart al 'n voorwaartse stap om die warmer (en natter!) herfstyd, wat ook nog min akademies belaai is, te benut. Die mate waarin Pukke môre se sport gaan ondersteun, sal bepaal of ons nie moet oorweeg om in die jare wat kom, ook Karnaval vroeër in die jaar aan te bied nie.**

**Aan ons bure: Welkom! Geniet die besoek aan Pukkieland! Ons is opreg bly dat ons Sportdag van vroeër besig is om tot iets groots uit te groei.**

# PUBLIKASIEKRISIS

**MET die verskyning van „Die Besembos" en „Die Pukkie" en die huidige haakplek tussen die Korps-Studiekring en die Sentrale Studenteraad oor die publisering aldan nie van 'n „Vyfminute" (Vlugskrif), het publikasies op die Puk weer in die brandpunt te staan gekom.**

**■ Volgens sommige Pukstudente en buitestaanders is Die Besembos en Die Pukkie van besondere lae gehalte, vergeleke met vorige jare en soortgelyke publikasies op ander kampusse. Waar lê die haakplek? Lê dit:**

**★ by 'n gebrek aan beskikbare geld of belangstelling?**

**★ by die redaksie self (wat in die laaste jare soms net uit 3 mense bestaan, vergeleke met 10 of 20 vroeër jare)?**

**★ by die Administrasieraad (wat moes toesig hou oor die vordering van die publikasies)?**

**★ by die SSR (wat die redakteur aanstel)?**

**Dit lyk of 'n diepte-ondersoek deur die SSR en Administrasieraad op hierdie stadium baie nodig is. Die behoefte van die lesers, die grootte en werkwyse van 'n Puk redaksie en die wyse van aanstelling (miskien deur aansoeke?) sal beslis aandag moet geniet.**

**■ Van vanjaar af moet die SSR publikasies van onderliggame keur. Aan die een kant het die SSR 'n taak as oorkoepelende bestuur te sorg dat daar nie opruiende dinge gepubliseer word nie, nòg dinge wat in stryd is met die grondslag van die PU vir CHO. Aan die ander kant moet die deur vir eerlike en suiwerende selfkritiek oopgehou word, selfs al verskil die SSR daarvan. Indien deure toegestop word, mag anonieme geskrifte hulle opwagting maak onder deur daardie toe deure — soos verlede jaar.**

**Na verneem word, is die SSR tans besig met 'n ondersoek in die verband en sal binnekort 'n volledige verklaring uitgereik word oor die genoemde vlugskrif-saak.**

**■ „Die Wapad" het heelwat moeite ondervind om sy redaksie vir 1976 volledig te kry. Sekere probleme is onopgelos van die vorige jaar oorgedra, waaronder:**

**★ die realiteit van hoë drukkoste en moeilike advertensiewerwing;**

**★ of Die Wapad 'n dun weekblad of dikker twee/drieweeklikse koerant moet wees;**

**★ in hoe 'n mate Die Wapad mondstuk van die SSR is (wat dit finansier) en in hoe 'n mate dit 'n ongesensorde spreekbuis van die studentegemeenskap moet wees (in eersgenoemde geval mag die SSR berigte en briewe as ongewens sensor en in laasgenoemde geval is dit slegs die redakteur se voorreg);**

**★ hoeveel aktuele meningsartikels en hoeveel nuusberigte die koerant moet bevat.**

**Die Wapad nooi Pukke uit om hulle mening te lug oor wat hulle van Die Wapad verwag, want dis ook hulle eie kampuskoerant.**

# Pukkie stel teleur

**DIE REDAKTEUR, — Getrou aan die tradisie deur die jare, het die Puk vanjaar weer eens 'n karnavalblad uitgegee wat seker elke leser daarvan teleurgestel het. Die teleurstelling kon miskien nog met moeite onderdruk gewees het, was dit nie vir die uiters verbasende woord van inleiding aan die lesers gerig deur die Rektor nie.**

Wat die inhoud van die PUKKIE self betref, is die enigste kommentaar seker dat hierdie uitgawe 'n laagtepunt in die blad se bestaan daargestel het wat moeilik oortref sal kan word. Miskien moet ernstige oorwegings daaraan gegee word om die uitgawe van hierdie blad te staak. Swakker reklame en advertensies vir ons universiteit kon daar kwalik wees.

Ten tweede die boodskap van die Rektor. Myns insiens is daar klaarblyklik, met die nodige respek gesê, 'n misverstand oor wat die eintlike doel van hierdie inleidingsartikel behoort te wees. Dit was nog nooit, is nie, en sal ook nooit veronderstel wees om 'n resensie van die inhoud van die blad te wees nie.

Die naam impliseer veeleerder dat hierdie artikel 'n positief-klinkende inhoud sal hê; negatiwiteit was nog nooit 'n kenmerk van 'n „boodskap" nie. Deur 'n vriendelik-diplomatiese artikel kon die Rektor hom subtiel van die inhoud van so 'n blad distansieër; dit sou geensins impliseer dat hy te vereenselwig is met wat daarin kwyt geraak word nie.

Maar waar die inhoud glad nie goeie reklame vir ons universiteit is nie, kan ek nie aan iets meer skadelik vir die PUK dink as die reguit, onverbloemde repudiasie van hierdie blad deur die Rektor nie. 'n Onversigtige leser (wat seker 90% van die lesers van 'n joolblad uitmaak) sal heelwaarskynlik daaruit aflei dat hy daarvan afgeraai word om die blad te koop. En perslot van sake gaan die inkomste uit die verkoop van hierdie blad tog direk na ons eie universiteit, die P.U. vir C.H.O. My beskeie mening is dat hierdie „boodskap" van die Rektor nie slegs die beeld van ons universiteit geskaad het nie, maar ook eventueel in 'n finansiële sin t.o.v. die koste verbonde aan die druk en uitgawe van hierdie blad sal resulteer.

Aan die P.U.K.-student is al in die verlede gevra om die interne wanklanke in ons universiteit dig te hou sodat die P.U. vir C.H.O. nie soveel ongure publisiteit in die buitewêreld sal geniet nie. Al het die studente in die uitgawe van hierdie jaar se PUKKIE hul indirek nie aan die versoeke gesteur nie, sou mens darem van die owerheidweë 'n meer diplomatiese hantering van hierdie „literêre" wanklanke van ons universiteit verwag.

THEO BARNARD.

# Amoreus aktueel

**WELKOM, welkom, welkom!! 'n Nuwe jaar met nuwe mense, dinge en doene is alweer in volle gang en aangesien die eerstejaars en baie van die seniors slegs bewus is van die akademiese aspekte van die Puk, het ons dit goed geag om hulle van die „nuwe" dinge hier op die kampus te vertel.**

In die kalklig het ons hierdie week die S.S.R. met hulle „nuwe" belangstellings vir die jaar '76: Ons voorsitter Johan Pretorius het die „nuwe" (Marlene Bischoff) in Klawerhof aangetref, terwyl Theuns Eloff nagte wakker lê oor sy nuwe Tania.

Percy en De Wet het nie „nuwes" nie, maar julle is mos net so goed as nuut — of hoe Marietjie en Gertruida. Die arme Piet Möller soek steeds voltyds na 'n „nuwe" Diena om die vakante betrekking te vul. Peet Badenhorst en Hanli Pasch bind die S.S.R. hegter saam met die „nuwe" bande wat tussen hulle ontstaan het.

Prominent op die S.S.R. is Corrie Kraamwinkel met sy uitsonderlike „nuwe" smaraggroen pak. Ons vra onsself nou die vraag af of Piet Meyer nog nie 'n „nuwe" rekordtyd opgestel het oppad na Ansa toe nie. Is die geheen-en-weer stappery ter wille van die koffie of die oefening?

Adriaan Jacobsz vind die „nuwe" Pukke (dore) — veral een in Heidese geselskap geweldig opbeurend. Is Lou van Wyk en Dries van der Walt regtig besig om „nuwe" interaksies met die „nuwe" H.K. van Vergeet-my-nie te reël of is dit net Gert Cilliers wat die oue en die „nuwe" in Karlien as „nuwe" vooruitsigte stel.

Albert de Beer egter verkies die „nuwe" bad in Heimat bo die „nuwe" potensiaal wat die kampus inhou.

Amoreus Aktueel hou hul oë oop vir die „nuwe" kaskenades van Garrie, Petrus en Johan. Onthou manne... „The show must go on!!"

Tot volgende week.

PATA PATA.

# 'n Mooi blom

**'N MOOI blom kry maklik water. Daarmee bedoel ek 'n blom wat jou uiterlik aantrek, waarvan die kleur iets aanlokkends in hom dra en 'n blom waarvoor jy skielik voel jy jou hand voor wil uitsteek... net om aan te vat.**

Die woord „mooi" het vele betekenisse. Jy kry ook 'n mooi blom wat geen uiterlike kleur het wat skitter lok en wink nie. 'n Blom wat jou aandag nie trek nie en wat jy selfs met misnoeë sal bejeen. Maar as jy stilstaan en diep afstaar deur sy geel stuifmeelbaarde, deur die sagtheid van sy binnekant, deur die growwe struktuur wat tog 'n wonderlike fynheid langs sy kante vertoon, as jy kyk na die diepte in die bruin vlekke in sy kroon wat jy as lelik sou bestempel ... dan besef jy... dis 'n skoonheid wat jy mooi kan noem... dis 'n mooi, innerlike vertoon wat jou veel dieper as 'n uiterlike raak.

Toe ek Vergeet-my-nie die eerste keer sien, het ek myself gevra wanneer die geboue geverf kan word. Lang die gange waar ek as eerstejaar my tasse swaar opgedra het, het die growwe baksteenmure 'n onverskillige koudheid gedra. Die kamer was vir my te nou en die vreemdheid het die opgewondenheid en hoogspanning verhoog? Die kaste was onpersoonlik en ek was heeltemal deurmekaar met die verskillende trappe en gange... trouens ek het die hele moderne argitektuur verwens. Nou... het ek al vir drie jaar in sy dieptes afgestaar. Nou ... het fyn draadjies bande gebind. Nou... het baksteenmure deel van 'n onuitwisbare bestaansgeheel geword. Nou ... het die vaalheid en somberheid van die gebou 'n helder kleur en warmte wat my toevou en omsluit van 'n koue wêreld buite. Nou het die kamer vry en wyd en intiem geword sodat ek soos 'n blinde my weg weer terug hierheen sal vind. En so dikwels as my hand op die deurknop rus, of as die langbeenvoëls op die groen gras speel, of as die eerste stamelende akkoorde van vanjaar se sêrgroep my ore bereik... weet ek die lelike blom het vir my mooi geword. Weet ek die naam „Vergeet-my-nie" is stewig geworteI in die vaste grond van my hart.

# KRIEKET-SPAN

DIE volgende manne sal die PUK Saterdag op die Krieketveld verteenwoordig: M. Piek, O. Chisholm, P. Schlebusch, G. van Heerden, W. Welman, C. Marais, H. Lindenberg, M. van Jaarsveldt, S. Greyling, N. Louw, C. Ulyate, H. du Plooy.

# Uit die Woord

**2 Tim. 1 : 7: Want God het ons nie 'n Gees van lafhartigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.**

Ons beskuldig dikwels die studente van Engelse — en oorsese universiteite daarvan dat hulle aktiviste is. Van onsself moet ons egter bely dat ons belangloos is en onaktief. Wat gebeur op ons kampus? Aktuele vergaderings oor uiters belangrike sake word swak bygewoon en teekangesprekke draai dikwels op 'n oppervlakkige manier om meisies en motors (in die manskoshuise altans). Wat om ons gebeur op politieke, sosiale en ekonomiese vlak gaan dikwels by die mens verby sonder dat ons eers daaroor praat, wat wil nog sê iets daaraan doen. Ons is lou en lafhartig.

Maar as jy 'n Christen is, as jy deel het aan die Gees van God, kan jy nie meer so wees nie Want dan het jy deel aan die herskepping van God. Dan kan jy nie meer lafhartig of papbroekig wees nie, omdat God se Gees nie so is nie. Hy is immers God en hoe kan God lafhartig wees. Die Gees is dinamies aan die werk. Hy staan selfs vir die daad nie terug nie.

En omdat ons die Gees van God ontvang het, moet ons ook so wees: vol van krag en liefde en selfbeheersing.

Vol van krag: Jesus was vol van die krag van die Gees (Vgl. Luk. 4 : 14) en daarom is die wat Hom volg ook vol van die krag. En wat 'n geweldige krag is dit nie — daardeur het Jesus wonders gedoen, dooies opgewek, die evangelie van die koninkryk verkondig en self opgestaan uit die dood. Die krag moet ook in ons sigbaar wees. I.p.v. lou en lafhartig te wees, moet ons kragtige vurige Christenstudente wees. Studente wat probleme op die PUK en in S.A. vierkantig in die oë kyk en iets daaraan doen, studente wat onreg raaksien en dit beveg. Want deur die Gees het ons die krag, die dinamiet — en ons moet daarmee werk. Die krag is so geweldig dat dit alleen nie genoeg is nie. Paulus skryf dat daar liefde moet bykom. Want as jy liefde het dan sien jy ander se probleme raak, dan verplaas jy jou in hulle skoene. Dan is jou hoofklagte nie dat jy slegte kos kry en dat jy 'n motor mag aanhou of dat daar nie sleepbankies is nie. As jy liefde het sien jy die mense in werklike nood raak; die armes en ellendiges, of hulle wit of swart is. En omdat liefde jou hart aanraak, en omdat dit net met krag gepaard gaan, huil jy nie net oor die nood nie, maar jy werk daaraan.

Ons moet egter in die oog hou dat ons nie op hierdie aarde 'n utopie kan bou nie. Die wêreld is nog in die sonde, mag, want Christus het nog nie weer gekom nie. Daarom het ons 'n Gees van selfbeheersing ontvang. As jy selfbeheersing het, weet jy dat nie jy jou eie eer moet soek nie, maar God se eer. Dan ken jy jou eie beperktheid en van hande met ander Christene. Dan sien jy in dat jou tradisie nog lank nie die volmaakte is nie. En dan vertrou jy op God wat in jou werk om te wil en te werk na sy welbehae.

'n Gees van krag en liefde en selfbeheersing. Christenpukke — kom aan die gang!

# Ontmoet... DIE VOORSITTER VAN KORPS VERITAS VINCET

**IN hierdie uitgawe begin „Die Wapad" met 'n nuwe reeks, naamlik „Ontmoet . . . " Die doel is om studenteleiers, wat nie SSR-lede is nie, beter bekend te stel aan die studentegemeentskap. Hierdie leiers is voorsitters van die belangekringe, voorsitters en sekretaresses van groot verenigings en primarii en primariae.**

Die eerste drie aflewerings handel oor die voorsitters van drie belangekringe, naamlik Korps, Akademiese Kring en Sportkring. Omdat die voorsitters van die belangekringe van die belangrikste beleidmakers op die kampus is, sal die eerste drie aflewerings daarom ietwat langer wees as die normale en ook elk 'n onderhoud insluit.

**ONTMOET . . . Mnr. P. A. (PIETER) Odendaal**
(Voorsitter van die Korps Veritas Vincet)

Mnr. Pieter Odendaal, miskien beter bekend as Vaalpiet is iemand wat ewe tuis is agter die boeke, op die atletiekbaan en in 'n formele vergadering.

Nadat hy verlede jaar die graad BA verwerf het, met as hoofvakke Grieks en Hebreeus (met onderskeiding), is Pieter vanjaar ingeskryf vir Honneurs-BA in Grieks. Hy is ook 'n ywerige student in Frans, wat hy tans NGD volg. Piet is van plan om volgende jaar Teologiese Skool toe te gaan.

Moenie glo dat Piet 'n akademiese wrak is nie! In sy eerstejaar het hy deelgeneem aan Wes-Transvaalse Junior Atletiek en laat middag tref 'n mens hom gewoonlik op die lang pad of veldpaadjies langs die Mooirivier aan. Volgens betroubare inligting het hy sy bynaam juis as gevolg van sy hardlopery gekry — toe hy in sy eerstejaar tydens 'n Hulpprojek in Suidwes se Sandveld verdwaal het.



Pieter Odendaal, voorsitter van die Korpsraad, met wie Die Wapad hierdie week 'n onderhoud voer. (Foto: Fotokuns.)

Wat Piet in sy vier jaar op die Puk reeds gedoen het, is 'n indrukwekkende lys. Dis ook opvallend dat hy nie eensydig in sy deelname was nie. Hy was onder andere redakteur van die Sakboekie, hiersiener van die Studentehandboek, voorsitter van die Studiekring, voorsitter van Korpssel Makouvlei en voorsitter van Platsak. Hy het gedien op die Bondsboderedaksie, Korpsraad (KVVH) Politisie Raad (PNB) en die Adminraad (ADB).

In 'n onderhoud met „Die Wapad" het mnr. Odendaal die volgende gesê.

**1. VRAAG: Piet, jy het oor 'n wye terrein aktief aan die studentelewe deelgeneem, wat jou seker 'n goeie oorsig oor die studentelewe gegee het in sy geheel. Hoe sien jy die Korps se plek en taak in die geheel?**

ANTWOORD: Die Korps is in hoofsaak 'n besinningsvereniging waarin gepoog word om Skrifbeginsels se toepassing aktueel te maak vir vandag. Die Korps glo dat die Christen voortdurend vernuwend, hervormend op alle terreine van die lewe (ook die studentelewe) moet inwerk. Die korps wil nie net praat nie — hy doen ook — ondermeer deur hulpprojekte en Liber Factus.

**2. VRAAG: Hoe gaan die Korps vanjaar probeer aktueel wees? Kan jy enkele beklemtoninge noem wat die Korpsraad in 1976 vir die Korps in die vooruitsig stel?**

ANTWOORD: Die Korpsraad wil aktueel wees in die manier waarop ons aksies aanbied. Ons kampus het so groot geraak dat dit moeilik word om ander mense buite die eie koshuis te leer ken. Weeksaande word in beslag geneem deur akademie en 101 ander aksies, terwyl mense oor naweke niks te doen het nie. Kombineer die twee aktuele probleme en ons vind 'n oplossing in **naweekkampe,** wat gesonde, sinvolle ontspanning en geleentheid vir besinning behels.

Ook wat **onderwerpe** betref wil die korps in die aktualiteit van 1976 staan. Na aanleiding van die gebeure in Angola het byvoorbeeld reeds onderwerpe soos „Suid-Afrika in die beskuldigdebank" en „Internasionale Magsmanipilasie" ter sprake gekom. Probleme rondom die seksuele rewolusie is in verskeie selle en op die Tweedejaarskamp reeds bespreek. Kuns, die groot uitdrukkingsmiddel en ook subtiele propagandamiddel vir ideologieë, kom in besondere mate in die Studiekring en verskeie selle ter sprake.

**3. VRAAG: Kan jy enkele aksies noem wat die Korps vanjaar al geloods het en nog beoog?**

ANTWOORD: Die Korps loods heel besondere aksies in die komende termyn. Daar word beoog om **'n boek** te laat verskyn binne 'n jaar, wat onderwerpe oor jeugweerbaarheid sal bespreek. 'n **Vertaling** van een of twee studiestukke is al ver gevorder. Daar word 'n vergelykende studie van alle Suid-Afrikaanse kampusse (byvoorbeeld hulle geldbesteding) beoog deur **Politica. Hulpprojek** beoog 'n R10 000-projek in die Transkei vir Desembermaand. **Liber Factus** wil in Desember deur middel van 'n draftoer R80 000 insamel as geskenk aan SANRA op sy 21ste verjaarsdag. **Aktueel** bied in samewerking met die Students' Christian Association (SCA) van Transvaal 'n informele konferensie aan gedurende die Aprilvakansie. Christelike jeugverenigings vanaf alle kampusse in Transvaal sal na hierdie konferensie uitgenooi word.

**4. VRAAG: Jy het so pas genoem van 'n Konferensie van Christelike Studenteverenigings in Transvaal. Beoog die Korps nog skakeling met ander christelike studenteverenigings, byvoorbeeld in die buiteland?**

ANTWOORD: Die Korps is reeds aktief besig met skakeling met die SCA en dan in besonder met hulle rak op die **Witskampus.** Skakeling met die SCM van **Turfloop** en die ACSV van **RAU** het reeds op nie-amptelike, informele vlak begin. Weens die feit dat die Korps nog nie by 'n Nasionale Christelike Studente-organisasie ingeskakel is nie, word hy weerhou van affiliasie met die **Internationale Federation of Evangelical Students (IFES),** waartoe die Korps sterk aangetrokke voel. Die Korps het in die vorige termyn reeds **briewe internasionaal versprei,** waarin daar 'n oproep om nouer skakeling gedoen word tussen Christelike studenteverenigings

**5. Verlede jaar het die Korps nogal aan omstrede besprekingspunte op die kampus deelgeneem. Dink jy dat die Korps (raad) as sodanig hom kan uitlaat (dit wil sê: standpunt inneem) oor gebeure op die kampus?**

ANTWOORD: Baie beslis. Dit is nodig dat die reformatoriese Christen kan stilstaan en „ja" kan sê vir die goeie en „nee" vir die bose.

**6. VRAAG: Hoe sien u die vererderde verhouding tussen die Studenteraad (nou SSR) en die Korpsraad, ná die struktuurverandering van 1975? Het die Korpsraad meer gesag op sy eie terrein gekry?**

ANTWOORD: Geen wesentlike verandering kan nog gevoel word nie. Ek voel dat daar gerus meer gemaak kan word van 'n finansiële komitee van die SSR waarop die raadspenningmeesters sitting het en 'n soortgelyke sekretariële komitee vir die raadssekretaresses.

**7. VRAAG: Hoe sien jy die verhouding tussen die Korps en die kerklike jeugverenigings (JV, KJV, HSV) en tussen die Korps en die huiskomitees? Is daar enige plan om besprekings te hou met die verenigings en/of koshuise?**

Antwoord: Wat die **kerklike jeugverenigings** betref, kan ek noem dat ons geskakel het. Daar is wedersyds gevoel dat die geskeidenheid tussen die kerke 'n gevolg van die sonde is. Daar is gevoel dat die eenheid in Christus herstel kan word deur samewerking (sonder om verskille te negeer). Die Korps voel dat binne die aktiwiteite wat hy aanbied so 'n samewerking moontlik is. Heel konkreet is ook besluit dat die Korps in samewerking met die kerklike jeugverenigings jaarliks 'n besprekingsaand op 'n Sondagaand sal hou. Vir hierdie jaar word 'n paneelbespreking oor Verootmoediging beplan.

Die **huiskomitees** behoort outomaties kontak te hou met die Korpsselbestuur in elke koshuis.


**8. VRAAG: Jy was verlede jaar voorsitter van die Studiekring toe die Verslag insake Christelike Wetenskap se resultate kritiek deur die Studiekring gekontroleer is. Gaan hierdie onderliggaam van die Korps (of die Korpsraad self) die saak opvolg?**

ANTWOORD: Die SSR het reeds begin om die saak op te volg. Die Korps voel in sy geheel sterk die noodsaak van die ondersoek. Die Korps sal in sy geheel alle finale aanbevelings wat mag kom in daad wil steun. Vir die Eerstejaarskamp word byvoorbeeld 'n diepgaande bespreking van die saak bepian.

**9. VRAAG: Wie is die vier mense wat jou op die Korpsraad se Uitvoerende Komitee (UK) bystaan?**

ANTWOORD: As sekretaresse dien **Nelie Prtorius,** 'n vyfdejaarstudent van Karlien wat besig is met Honneursstudie in Afrikaans-Nederlands. **Johan van Wyk,** 'n derdejaar van Heimat en Beplannerstudent, tree op as ondervoorsitter van die Korpsraad. **Piet Fourie,** 'n BA-student, van Caput, is die penningmeester van die Korpsraad en **Danie de Kock,** 'n derdejaar van Hombré en ook 'n BA-student, is die Addisionele lid van die Uitvoerende Komitee.

**Volgende week: Ontmoet . . . Mnr. Riaan van der Walt,** voorsitter van die Akademiese Kring.



Die Seëlversamelaarsvereniging het onlangs 'n uitstalling in die Fanie du Toit-gebou gehou. Daar was groot belangstelling vir die uitstalling. Op die foto kyk 'n belangstellende toeskouer na 'n reeks seëls terwyl mnr. Gerhard Kamffer, regs (die voorsitter van die vereniging), verduidelik. (Foto: Hendrik Bosman.)


TWENTIETH CENTURY

Fri. 26th 8.00 p.m. Sat. 27th 2.00 — 6.00 & 8.45 p.m.

**Breakheart Pass**
★ CHARLES BRONSON.
4 to 12 Parental guidance.

Sat. Morning 10.00

**Anouk and the Elephant**
Mon. 29 8.00 p.m. Tues. 30th & Wed. 31st 2.30 & 8.00 p.m,

**Internocing Project**

Thurs. 1st April 2.30 & 8.00 p.m. Fri. 2nd 8.00 p.m. Sat. 3rd 6.00 & 8.45 p.m.

**Hennessy**
★ ROD STEIGER
No persons 4 — 16.

POTCH INRY

Vry. 26 — Sat. 27 Maart
(naweek albei vertonings)

**Die dierbare Diplomaat**
met
★ HEINZ RUHMAN, en
★ PAUL DAHLKE.
Komedie.
Almal welkom.

Maan. 29 Dins. 30 Maart.
Vry. 2 April; Sat. 3 April (2de vertoning)

**The spiral staircase**
met
★ CHRISTOPHER PLUMMER and
★ JACQUELINE BISSET.
Riller. (Niemand 4 — 16).

Woens. 31 Maart, Don. 1 April Sat. 3. Vry. 2 April (1ste vertoning)

**Prisoner of 2nd Avenue**
★ JACK LEMMON.
Komedie.
Almal welkom.

GOUE WESTE
INRY-TEATER

Vry. 26 Sat. 27 Maart (2de vertoning)

**Breezy**
Liefdesverhaal.
★ KAY LENZ
(4 — 18)
★ WILLIAM HOLDEN

Maan. 29, Dins. 30
Vry. 2 April, Sat. 3 April (eerste vertoning)

**And now — prepare your grave**
★ TERENCE HILL
Western — 4—12 — STER.

Wed. 31, Thurs. 1 April
Fri. 2 April, Sat. 3 April (second session).

**Paul and Michele**
★ SEAN BURY
★ ANICEE ALVINA
Love drama — 4—18 — STER.

WELKOM . . . !
U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
◆ HANDBOEKE
◆ SKRYFBEHOEFTES
◆ EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG
PRO REGE-PERS BEPERK
*„die Potchefstroomse boekhandel"*
Tomstraat 86 — Tel. 8875 — Potchefstroom
—WP





INSLEEP Restaurant
WELKOM AAN ALLE PUKKE EN EERSTEJAARS
TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039
—WP

# PUKKE KLOP YSKOR

**DIE Pukke se jong en onervare span het die rugbyseisoen Saterdag verrassend goed op Vanderbijlpark begin deur die sterk span van Yskor met 27—23 te klop. Rustyd was hulle 16—12 voor.**

Op 'n swaar veld en in 'n ligte reëntjie is aanskoulike rugby deur albei spanne gespeel. Net vroeg in die wedstryd het die studente agter geloop en daarna nie weer nie. Eintlik moes Yskor minder punte gehad het.

Teen die geharde pak voorspelers het die Pukke hulle man goed gestaan met Dries Coetzer, Johan Strydom, James Stoffberg, Okkie Oosthuizen en Ferdi Osborne die vernaamste uitblinkers.

Losskakel André Rousseau was egter die ster van die dag. 'n Goeie diens deur sy skrumskakel Adri van den Berg het hom in staat gestel om al die voorskrifte vir 'n losskakel uit te voer.

Bennie van Rensburg het dodelik verdedig op senter en Bennie Klerk (vleuel) en Theuns Eloff (senter) het heelwat belofte getoon. RAU kan Saterdag op Olënpark met genoeg vertroue aangedurf word.

Nartjie Nortjé, Ferdi Osborne en Theuns Eloff het gaan druk. Pierre Pieters het al drie drieë vervyf en met 'n strafdoel geslaag en Dries Coetzer het twee reuse-strafdoele deur die pale gejaag.

Die Ibbie was maklik met 34—4 aan die wenkant.

(Met erkenning aan Potchefstroom Herald).



Mnr. Piet Malan, Direkteur van die Sportinstituut.




Caput het Saterdag in Pretoria en sy reën gewys dat hulle nie verlede jaar met geluk gewen het tydens Karnaval nie. Met die nuwe trapkar het hulle een van die beste baantye opgestel, nadat die ou kar ongelukkig gerol het.

# NETBAL

DIE netbalspanne vir Saterdag is as volg:

Eerste span:
Karin van Wyk, Ilse Basson, Martie van Taak, Bettie Prinsloo, Annette Cronje — kapteine, Betta Steynberg, Alletta Nel.

Tweede span:
Rene de Waal, Louise Wessels, Trudie Engelbrecht, Linda Harmse, Leonie Scott, Jeanette Kühn, Rinette van Niekerk.

## Ondersteun

U KOSHUIS OP SPORTGEBIED




Het iemand al ooit opgemerk dat sekere geboue waarna hierdie rigtingwyser verwys, nie meer bestaan nie? Van bo af: Aardrykskunde, Geologie ... en wat nog? (Foto: Fotiek.)

# ATLETIEK

BINNE die volgende paar weke vind daar drie internasionale atletiekbyeenkomste plaas. 'n Hele aantal Pukke is gekies om teen van die wêreld se bestes deel te neem.

Internasionale Uitnodigingsatletiekbyeenkoms te RAU — 26 Maart.
G. Jacobs
P. Meyer
D. Malan
W. Smit
G. Doorewaard
H. Steinberg
DAMES:
A. Stander
R. Jacobs
R. van der Berg
J. Gunther

Internasionale Uitnodigingsatletiekbyeenkoms — Kaapstad — 29 Maart.
P. Goosen Skyfwerp/gewigstoot
G. Doorewaard 3 000 hindernis
Alta Stander 800 m

Suid-Afrikaanse Ope Atletiekkampioenskappe 2, 3 April — Bloemfontein.
G. Jacobs
P. Meyer
D. Malan
W. Smit
G. Doorewaard
H. Steinberg
Piet Goosen
Henk du Toit
Badenhorst 20 km stap

DAMES:
A. Stander 800 m
R. Jacobs 100 m
R. van der Berg 100 m hekkies
W. Fondse gewigstoot/skyfwerp


# AS U GELD STU-KRAG VRA.

Dis nie speletjies om geld te belê nie. Vandag nog minder as voorheen. Want deesdae moet u geld inflasie kan hokslaan.

Dus, voor u sommer in enige spaarrekening gaan geld belê, vra uself eers af:

(i) Kry ek die hoogste beskikbare rentekoers?

(ii) Is daar dalk versteekte finansiële koste wat my rentekoers verminder?

(iii) Word my rekening maandeliks met die rente gekrediteer — of net een keer per jaar? (As u maandeliks gekrediteer word soos by Nedbank, verdien u spaargeld saamgestelde rente, en u belegging groei soveel vinniger.)

(iv) Word ek beskerm teen 'n skielike daling in rentekoerse — en gaan ek baat as die koerse weer klim?


(v) Kan ek geld trek as ek wil?

U sal vind Nedbank weet die beste raad met u spaargeld. Wát u besondere behoefte ook al mag wees. En as u eers 'n Nedbanker is, sal u 'n Nedbanker bly.

Nedbank Beperk
Geregistreerde Handelsbank
'n Lid van die Nedsual-groep.

DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS

NEDBANK



*Ontmoet ons universiteitsman — Mnr. Christo Holtzhausen*

*Wanneer daar onmiddellike deskundige advies oor studente se geldsake, versekering, reis en dies meer verlang word, sal u vind dat julle mekaar verstaan.*

*Vir volledige inligting oor ons Universiteitsdiens en vir vinnige besluite, sien Christo Holtzhausen by Nedbank in Potchefstroom of skakel hom by 4394.*

*Wat u planne ook al is, een manier om in die lewe vooruit te kom is om die regte mense te ken.*

**Die Nedbankers**

# SPORTDAG PU vs RAU 27 MAART 1976

27 MAART 1976

08h00—08h30: Ontvangs van RAU, Sportgebou (Fanie du Toit).
08h30: Tennis, Fanie du Toit.
08h45: PU-koshuisliga (rugby), Fanie du Toit.
09h00: Muurbal, muurbalbane (by Over-de-Voor-koshuis).
Krieket, Fanie du Toit A.
09h30: Judo, Fanie du Toit.
Netbal II, Fanie du Toit A.
Dameshokkie II: Fanie du Toit B.
Manshokkie I: Fanie du Toit A.
10h00: Karate, LO-saal B.
Pluimbal, LO-saal A.
Onderwaterhokkie, PU-swembad.
PU-rugbykoshuisliga, Fanie du Toit.
PU o.20 vs RAU o.20 B, Fanie du Toit A, Fanie du Toit B.
Stoei, Fanie du Toit.
10h30: Netbal I, Fanie du Toit A.
Dameshokkie I, Fanie du Toit A.
10h00: Valskerm, Fanie du Toit.
PU-rugbykoshuisliga, Fanie du Toit.
12h30: Middagete, Sentrale Eetsaal.
(Slegs RAU-sportmanne en -vroue.)
Toegang: Studente en kinders: 50c, volwassenes: R1.
13h45: PU o.20 A vs RAU o.20 A, Olënpark.
15h00: PU 1B vs RAU II, Olënpark.
16h15: Dirigente skink 'n glasie sjampanje.
16h15: PU I vs RAU I, Olënpark.
18h30: Onthaal, Sportgebou, (Fanie du Toit).

## *SPORTINSTITUUT — 10 JAAR*

**OP Saterdag 27 Maart vind 'n amptelike Sportdag teen die Randse Afrikaanse Universiteit plaas. Dit is 'n voortsetting van die viering van die tienjarige bestaan van die Sportinstituut wat sedert Oktober 1975 aan die gang is. Net die amptelike eerstespanne van 'n beperkte aantal sportsoorte sal deelneem.**

Hierdie Sportdag moet hoegenaamd nie gesien word as 'n tweede Intervarsity of 'n vervanging van die Intervarsity teen Kovsies nie. Die Intervarsity teen Kovsies sal bly as die enigste en amptelike Intervarsity. Die skakeling met RAU is gedoen met die oog op praktiese oorweginge. Johannesburg bied die naaste Afrikaanse Universiteit en sodoende kan koste aan so 'n dag ook laag gehou word

„Dit is alleen 'n sportdag — daar steek niks verder in nie", het Piet Brand, bekende rugbyspeler gesê.

Die Sportdag sal net die Saterdag plaasvind en die program is elders op die bladsy.

Sedert mnr. Piet Malan in Oktober 1965 aangestel as direkteur van die Sportinstituut, het die hare behoorlik gewaai. Daar is besonder baie vir sportmanne- en vroue aan die PUK gedoen, en elke PUK behoort trots te wees op hierdie suksesvolle instituut.

Die pragtige Fanie du Toit Sportterrein wat op Oude Molen gebou is, is een van die mooiste wat mens om kan droom. In die groot sportgebou is daar goeie geriewe — 'n goed toegeruste gimnasium en moderne kleedkamers, asook 'n klubkamer wat 'n lieflike uitsig op die sportterrein bied.

Daar word jaarliks merietebeurse aan belowende sportlui beskikbaar gestel. So het die PUK mense soos Bea Marais, Fanie van Zijl, Andries Krogman, Ertjies Bezuidenhout, Dries Coetser, Piet Meyer en nog vele ander getrek.

Die afgelope dekade is 'n hele aantal sportafrigters aangestel vir die verskillende sportsoorte. So is Clive en Sally Ulyate onderskeidelik vir Manshokkie en krieket en dameshokkie en netbal aangestel.

Pieter Campher is die jongste toevoeging vir tennis en veteraan Jos Sirakis beheer die atlete van die PUK. Die Instituut het ook 'n bekwame administratiewe afdeling. Piet Brand is natuurlik ook betrokke by rugby.

# Theos reg vir RAU

**DIE eerste rugbyspan wat teen RAU se manne sal opdraf om 16h15 op Saterdag 27 Maart is soos volg:**

Sors Greyling
Ben de Klerk
Willie Smit
Ben van Rensburg
Nartjie Nortje
Andre Rossouw
Adré van der Berg
Okkie Oosthuizen
Ferdie Osborne
Dries Raath
Johan Bester
Johan Strydom
Dries Coetzer
James Stoffberg — kaptein
Piet Brand.

**Die 1B-span is as volg:**
Pierre Dieters
Daantjie Weitz
Theuns Eloff
Poerie van Rooyen
Ben-John Birch
Sokkies Muller
Flip Venter
Johan Theron
Boom Burger
Harry Smalman
Flame Niewenhuisen
Lou van Wyk — kaptein
Braam van der Merwe
Koos Wentzel.

**Die 0/20 A-span is as volg:**
J. Tiedt
S. Fouche
B. Smit
B. Kroon
B. Dipper
G. van Deventer
J. Hugo
B. Venter
A. van der Merwe
B. Zietsman
A. Markgraaf
C. Schlebusch
C. Troskie.



**James Stoffberg, die man wat die Theos Saterdag op Olënpark sal lei.**

# Atlete skitter in Pretoria

TYDENS die Suid-Afrikaanse Senior Interprovinsiale Kampioenskappe wat verlede week in Pretoria midde-in gietende reën gehou is, het drie Wes-Transvalers en Puk-atlete met goue medaljes weggeloop.


Piet Goosen het die skyfwerp gewen met 'n gooi van 54 m en Piet Meyer was weer koning in die stapnommers. Hy het naamlik die 5 000 m en 20 km stap lag-lag gewen.

Die Wes-Transvaalse 4 x 100 m aflosspan het gewen in 'n tyd van 40,8 sek. Die lede van die span was Andre van Heerden, Victor Schultse, Willie Smit en Tinus van Wyk.

Gerrie Jacobs was tweede in die 400 m met 'n tyd van 48,2 sek.

Wilna Fondse was vierde in sowel die skyfwerp as gewigstoot met afstande van 40,20 m en 12,21 m. Estie Robbertse was sesde in die spiesgooi met 'n afstand van 39 m.

**Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11 Potchefstroom.**




**Stoeiers oefen hard in Over-de-Voor se ontspanningsaal vir môre se Intervarsity met R.A.U. (Foto: Hendrik Bosman.)**

# *DAMESHOKKIE PUK KLOP YSKOR*

DIE dameshokkiespanne wat Saterdag sal speel is soos volg: Eerste span: T. Venter, S. Coetsee, Y. Serfontein, A. de Korte, C. Meyer, M. Joubert, B. Malan, I. Buys, H. van Deventer, L. Strydom, M. Erasmus.

Tweede span: R. Klopper, R. Burger, E. van der Merwe, E. van der Westhuisen, D. Ra... tenbach, S. Malan, I. Buys, ... Grobbelaar, M. Davel, ... Bischoff, M. Delport.

MENSE IS SPORT . . .



SPORT IS . . . PUKKE

EN

SAFARI SPORT

Santam Arkade Tel. 7673

—Wapad